

LEER SLIMMER, NIE NET HARDER:

Kinders se breine leer anders



In dié eerste deel van Jip se podsendingssreeks oor leer en eksamenstres gesels **Malani Venter** met **dr. Cas Olivier**, 'n navorser en spesialis in breingebaseerde leer, oor hoe kinders se breine werklik leer.

LEER SLIMMER, NIE NET HARDER:

Kinders se breine leer anders

In dié eerste deel van Jip se podsendingssreeks oor leer en eksamenstres gesels **Malani Venter** met **dr. Cas Olivier**, 'n navorser en spesialis in breingebaseerde leer, oor hoe kinders se breine werklik leer.

Baie kinders glo steeds dat goeie punte beteken jy moet eenvoudig langer ure voor die boeke sit. Maar volgens Olivier verstaan baie ouers, onderwysers én leerlinge verkeerd hoe die brein werklik leer.

Olivier sê leer is baie meer as net memorisering en herhaling.

“Leer is eintlik om te dink,” sê hy. “As kinders net oor en oor memoriseer, leer hulle soos ’n papegaai. Ware leer gebeur wanneer ’n kind verbande, patrone en betekenis begin raaksien.”

Volgens hom begin goeie leer altyd met vrae.

“Die oomblik wanneer iemand vir jou ’n vraag vra, moet jou brein begin analiseer, sintetiseer en evalueer. Dis hoe leer plaasvind.”

Laerskool en hoërskool vra verskillende vaardighede

Olivier verduidelik dat jong kinders anders behoort te leer as tieners.

In die grondslagfase moet leer volgens hom speel, beweging, ritme, stories en ontdekking insluit. Hy waarsku dat jong kinders te vroeg onder akademiese druk geplaas word.

“Ons laat hulle stil sit, memoriseer en notas leer, maar die brein ontwikkel nie só optimaal nie,” sê hy.

Hy meen jong kinders leer beter wanneer hulle beweeg, bou, sorteer, vergelyk en self ontdek.

“Speel is nie die teenoorgestelde van leer nie. Dit is leer.”

Teen hoërskool verander die fokus egter. Dan moet leerlinge meer onafhanklik begin dink, abstrakte idees verstaan en self probleme oplos.

“My kind leer ure, maar niks bly vassteek nie”

Baie ouers kla dat hul kinders ure voor boeke sit sonder dat die werk “vassteek”.

Volgens Olivier is tyd voor ’n boek nie noodwendig gelyk aan leer nie.

“Die belangrike vraag is nie hoe lank jy leer nie, maar wat jy doen terwyl jy leer,” sê hy.

Hy verduidelik dat die brein betekenis onthou eerder as blote herhaling.

“Die brein onthou wanneer daar begrip gevorm word – [onduidelik] – nou ’n ek dit ‘[onduidelik]’.”

Een van die grootste foute wat tieners volgens Olivier maak, is om leer gelyk te stel aan memorisering.

Kinders sê: “Ek het twee ure gesit.” Maar dit beteken nie noodwendig dat hulle iets geleer het nie.

Hy waarsku ook dat tradisionele opsommings soms bloot die brein se natuurlike manier van dink, versterk.

“Die brein is eintlik ’n groepeer-maker, nie ’n kleure-maker nie,” verduidelik hy.

Volgens hom probeer leerlinge dikwels groot hoeveelhede werk in kleiner en kleiner opsommings indruk, maar in ’n eksamen moet hulle weer daardie kennis uitbrei, toepas en verbindings maak.

“Dan slaan hulle skielik ’n ‘blank’ omdat hulle die werk net gememoriseer het, maar nooit die patrone en verbande raakgesien het nie.”

Elke vak verg ’n ander manier van dink

Olivier sê leerlinge maak ook die fout om alle vakke op dieselfde manier te probeer leer. Volgens hom vra wiskunde patroonherkenning en logiese denke, terwyl geskiedenis fokus op oorsaak en gevolg, tydlyne en argumente. Biologie vereis weer sisteemdenke en die verstaan van prosesse en funksies.

“Die vraag is nie net hoe moet ek dié vak leer nie,” sê hy. “Die vraag is: Watter tipe denke vra hierdie vak van my brein?”

Hy glo kinders leer vinniger en dieper wanneer hulle begin verstaan hóé hul breine werk – en nie net probeer harder leer nie.

Luister na deel 1 van dié gesprek met dr. Cas Olivier op Netwerk24 se Klankgolwe. Nuwe episodes van die Jip-podsending is elke Dinsdag om 15:00 op Klankgolwe beskikbaar.

Die middelste paragraaf rondom **“Die brein onthou wanneer...”** is die enigste deel wat ek nie met genoeg sekerheid woord vir woord kan lees nie. As jy vir my ’n **skerper foto of PDF van die artikel** gee, kan ek dit volledig en feitlik presies transkribeer.